

Woensdag 14 November

Skrifgedeelte: Sagaria 5:1-4

Fokusgedeelte: Sagaria 5:1-4

## Die Here herstel ons verhouding met Hom deur ons sonde te verwoes

Sagaria ontvang die sesde van agt visioene. Dis visioene wat die Israeliete, pas uit die ballingskap terug in 'n verwoeste Jerusalem, moet aanspoor. Ondanks teëspoed moet hulle voortgaan met bouwerk aan die stad en tempel.

In die eerste vyf visioene het ons 'n aantal beloftes gehoor. Die Here beloof telkens om sy volk, die stad en hulle verhouding met Hom te herstel.

Die sesde visioen is anders. Ons hoor nie weer van bouwerk, stadmure en die tempel nie, maar van 'n vlieënde boekrol. Dis oopgerol, almal kan dit lees. Hierdie boekrol wys op die wet van die Here. Volgens vers 3 bring dit 'n vloek waardeur elkeen wat teen Hom ge-sondig het, verwoes sal word. Die land sal skoongemaak word van alle goddeloosheid.

Hoe pas hierdie “verwoesting” by die “herstel” van die vorige visioene? Die Here herstel *deur* verwoesting heen! 'n Paar eeue later breek die verwoestende oordeel van God by die kruis op Golgota deur. Daar word *ons sonde verwoes* in Christus, tog word *ons verlos* (Kol. 1:22). Deur sy Gees herstel God ons tot kinders om in sy teenwoordigheid te leef.

In Openbaring 20-21 lees ons *weer* van herstel deur verwoesting heen. Dié keer *finale* oordeel met *volkome* herstel! Aan die een kant sal elkeen wat nie in Christus glo nie, die verwoesting van hulle sonde self dra. Aan die ander kant sal gelowiges finaal by God leef as sy volk, en Hy by ons as ons God. Leef daarom as sy kind wat vandag sy herstel ver-kondig!

Sing: Psalm 48-1:1, 5

*Teologiese Student J (Hanno) van Schaik*